50 JAAR | 1967-2016 | 50 YEARS

# STABILIS



news

Player made his 31st hole-in-one at the age of 80

PAGE 3

journal

Stigma around games busted PAGE 9

hot off the press

Mark Walraven: All roads lead to Rotterdam

PAGE 4

Nie net 'n mooi gesiggie nie

BL 5





'Slap chips' en 'Chicken Burgers' voer 'n duisend honger brakke

BL 7

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG | VOLUME 50 · NO 2 · Junie | June 2016

# "Die lewe is altyd lekker...

*... maar dan moet jy net 'n lekker mens wees."*



**Dis klein-Saterdag, so dit is 'n feit dat mnr Dries gaan vleisbraai.** **Foto: Eduan Naudé**

**DYLAN BARNES**

Oktober 2016. Dis die begin van somer, maar die einde van 'n Grey't loopbaan. Mnr Dries van der Wal tree die einde van 2016 af– die einde van 'n geliefde legende by Grey Kollege. Hy inspireer leerders al vir 36 jaar; hy het die eerste rugbyspan vir 23 jaar afgerig; hy is die huisvader, die hart en die siel van Leith Huis en hy is ook al 23 jaar die onderhoof van Grey Kollege.

Almal weet dat mnr Van der Wal nie nonsens vat nie. Hy is nog altyd die intrinsieke *gentleman*, 'n man wat die lewe met blymoedigheid aanpak; 'n mensemens en 'n man wat 'n geweldige gaping in die struktuur van Grey gaan los.

Sy wens vir sy aftrede is om rustig te wees by die see en om houtwerk te doen in sy vrye tyd. Hy is tans besig om 'n boek te skryf oor sy ervaringe by Grey: *Grey't Stories en Staaltjies oor 36 Jaar*. Mnr Van der Wal sê hy sal altyd die eenheid van die skool onthou; die tradisies wat die ouens bind asook die gees en die omgee van elkeen wat deel is van die skool. Sy boodskap is dat elke leerder moet omsien na die skool, die tradisies, die gees en die trots om deel te wees van dié elite skool.

The power to send money from your phone
Dial *111# to activate your wallet.
Terms and conditions apply.
Vodacom
Power to you
m-pesa

## short news

### Passion Play is a spiritual experience

**NATHI MOSALA**

For a number of years, mr Hattingh Davel, choirmaster and music teacher at Grey has played the role of Jesus Christ in the Lady Grey Passion Play. He has been part of the play since he attended the Lady Grey Arts Academy at the time the production started. As a child he used to sing, act and dance in the production. In 2011 he was asked to play the role of Jesus.

Mr Davel states," As an artist of any kind, you grab the opportunities that come your way - and what an opportunity this was. To portray the role of our Saviour is something that you can't explain. I grew up in Lady Grey so I will always go back to the school and community, to give back, in thanks for what they did for me."

In this production the whole community of Lady Grey participates in some way. The teachers have roles of farmers and also portray other roles. Most of the learners in the Lady Grey Arts Academy participate either by singing, dancing or acting and many community members also assist in catering for this annual event.

Mr Davel also states that what he enjoys most is to see the talent of the children in that school, to be able to share the stage with such young talent and of course, to spread the gospel.

# Méér as net 'onnies'

*Affies-beserings bring die beste in personeel uit*

**VLADIK SEAGREEN**

Na die onlangse Affies-interskole in Pretoria het drie onderwysers van Grey agtergebly in Pretoria om na vyf beseerde seuns in die hospitaal om te sien. As gevolg van die seuns se beserings moes hulle in die hospitaal oorslaap en kon nie saam met die res van die span, na afloop van die interskole teen Affies, terugkeer Bloemfontein toe nie.

Me Chris-Marie Liebenberg, Mnre Marnus van Wyk en JR Prins het soos ouers vir hierdie seuns opgetree. Hulle het saam met die seuns in die ambulans gery, by die hospital al die nodige papierwerk gedoen en met die dokters gekommunikeer oor die beserings. Hulle het ook gesorg dat die seuns gemaklik was gedurende hulle verblyf in die hospitaal en het verseker dat die seuns veilig Sondagaand terug in Bloemfontein by hulle ouerhuise was. Die beserings wat die seuns opgedoen het was 'n gebreekte arm, liesbreuk en harsingskudding. Van die seuns moes ook agterbly vir ander mediese toestande.



**MJ Lahoud wys sy oorlogswonde.** **Foto: André Hough**

By sulke sulke harde wedstryde soos teen Affies is die risiko vir beserings altyd groot en onderwysers se hulp word altyd benodig en waardeer in hierdie situasies. Me Liebenberg sê: "Ek ondersteun ons Grey-seuns op die sportvelde en in die klaskamer. Ek is altyd daar vir hulle wanneer hulle my nodig het in ander situasies." Mnr Van Wyk sê: "Die ouers is by die huis en bekommer hulle oor die seuns,dus moet ons moet beide die ouers en seun rustig en kalm hou."

## Mag mnr Gawie se meetsnoere altyd in lieflike plekke val

**VLADIK SEAGREEN**

Mnr Gawie Grobbelaar, onderwyser in Lewenswetenskappe, het besluit om aan die einde van die tweede kwartaal Grey Kollege te verlaat.

Dit was uiteraard nie vir hom 'n maklike besluit nie maar die redes waarom hy tot hierdie stap oorgegaan het is ook heeltemal te verstane.

Mnr Grobbelaar is al sedert 2005 'n onderwyser by die skool en hy het ook al diep spore getrap in die harte van baie leerders en kollegas. In sy tyd by Grey het hy /14 A hokkie en ook die derde krieketspan afgerig. Hy was ook tot op hede hoof van gholf en uitstekende gholfuitslae is onder sy leiding behaal.

Hy het aansoek gedoen vir 'n oorplasing na die Hoërskool Dewetsdorp waar hy ook in Lewenswetenskappe sal onderwys gee. Sy rede vir die besluit is hoofsaaklik te doene met die beste belange van sy gesin en hy sien ook uit na die uitdagings en vreugdes wat die rustiger pas op die platteland sal bring. Mnr Grobbelaar het sy hoendervleis-oomblik op Grey uitgesonder as die eerste saalbyeenkoms wat hy as jong onderwyser in die Reüniesaal bygewoon het.

Mnr Grobbelaar sal die hegte vriendskappe wat hy hier gemaak het altyd koester en die kinders wat by hom klas gehad het sal altyd vir hom spesiaal bly.

# Anti-racism is not a black or white thing, it's a Grey thing



**A band of brothers - united despite colour.** **Photo: Burger Minnaar**

**DYLAN BARNES**

On the 26th anniversary of the announcement to release Madiba and the unbanning of liberation organizations, the Anti-Racism Network of South Africa (ARNSA), launched Anti-Racism week, from 14 to 21 March 2016.

Grey also showed their support for anti-racism week. Each grade completed different projects that they were tasked with, to show what they understand by anti-racism. The grade 8s created amazing posters of unity between people from all race groups; these were displayed in the B block. Grade 9s made beautiful collages against racism. Grade 10s wrote and performed a drama performance depicting the negative effect of racism and the positive effect anti-racism week has on people of different races. The grade 11s and 12s were enlightened about the psychological aspects of racism and what they, as the leaders of the school, can do for their communities and school as a whole. Lebogang Finger, a grade 8 learner at Grey was asked his opinion on Anti-racism day, particularly at Grey. He had the following to say, "It is an awesome feeling, being in a school with many different races. So on anti-racism day, we can celebrate the diversity of South Africa and our school."

A grade 10 leaner said," Anti-racism day was a wonderful experience. I learnt so much about racial integration and its importance. The posters the grade 8s made were beautiful and really showed us how South Africa truly is a rainbow nation. I can't wait to see the positive effects the day will have, not only in Grey but in the community.




## Op reis saam met die nuwe sjef van Hamiltonsaal

**JOHAN WILKEN**

Mnr PJ Richardson is onlangs aangestel as Hamiltonsaal se nuwe Jamie Oliver. Die nuwe sjef is 'n gebore Bloemfonteiner; was 'n leerling aan Grey Kollege Primêr skool en het aan Hoërskool Brebner gematrikuleer. Hy het toe by die weermag aangesluit waar hy sy formele opleiding as sjef by 1 Spesiale Dienste Bataljon, Tempe, Bloemfontein ontvang het. Hy is getroud met Nadene en hulle het 'n seun, Aidan.

Mnr Richardson sê hy het die pos by Grey aanvaar aangesien hy gevoel het dat hy begin stagneer het in sy loopbaan. Hy het besluit om sy gemaksone te verlaat en die pos by Hamiltonsaal aanvaar.

Sy ma was sy grootste inspirasie – hy sê sy kon koekmeel, eiers, olie en 'n bietjie water bymekaargooi en het dan die heerlikste pannekoek voorsit.

'n Verdere inspirasie was sy stafsersant in die weermag – iemand wat geen foute in die kombuis geduld het nie. Hy sê verder die belangrikste bestanddele in sy kosmandjie is Tobasco, koljander en kaas, waaroor hy dol is. Gorgonzola-bloukaas is `n bederfie vir af en toe.

Die sjef se gunstelingdis is 'n *medium rare steak* wat perfek op die kole gebraai is, saam met geurige wors en roosterkoek. Hy eet nie gereeld wegneemetes nie – want die slegte deel van sjef wees is dat mens baie krities is teenoor wegneemetes want jy weet dat jy by verre 'n beter hamburger tuis kan maak. 'n Grondboontjiebotter en strooptoebroodjie is sy gunsteling *five minute snack*.

Die besige man se gunstelingboek is Stephen King se *Tommyknockers*; sy gunstelingflieks is die *Terminator*-reeks en hy drink graag *Fanta Orange*.

# "The more you practice ..."

*Gentleman Player holds the audience in the palm of his hand*



**Gary Player: The closest South Africa has to a dignified celebrity and altruist.** **Photo: Burger Minnaar**

**EDUAN TRUTER**

Gary Player recently visited Grey College to introduce the Grey Academy & e-Learning programme.

Born in 1935, Player has won more than any golfer could dream of. He has won 24 tournaments on the American PGA Tour, 73 tournaments in the Sunshine Tour, 19 tournaments on the Championship Tour including 4 wins at the Master, 1 US Open, 3 Open Championship victories and 2 PGA championships, adding up to 165 professional wins. To crown it all, he was inducted into the Golf Hall of Fame in 1974.

He walked into the Reunie Hall to thundering applause and the Grey boys chanting his name. He afterwards told the local press that visiting Grey felt like winning the British Open. He started his presentation with one of his favourite songs, *My Everything* by Barry White. He believes that one should always start a day on a happy note. He proved this statement by sweeping up ms Swart in his arms and dancing her across the stage.

This 80-year old man says, "The fact that I lost my mother at the age of 8 definitely contributed to my sense of independence." Obviously, this also aided in the development of his extreme discipline.

He challenged the Grey 1st XV fly half Jaco Wessels to "beat" him: they both easily did 30 push-ups and Gary then showed Jaco how to hold two golf clubs between his index and middle finger. Jaco was unable to copy this, but it díd prove that Gary Player is far from decrepit. His fitness and positive attitude to life has obviously served him perfectly.

Mr Player's mantra is the well-known saying, "The more I practise, the luckier I get". His life and achievements are ample proof of the fact that it is only by extreme dedication that you reach the top.

## kortnuus

### Digitale era kan lei tot simptome van verslawing

**IZAK ADENDORFF**

Digitale- of internetverslawing is 'n toestand wat verband hou met angs, depressie, emosionele uitbarstings, rusteloosheid en geheueverlies. Studies het bewys dat 75% persent van leerders langer as 3 ure per dag op hul selfone spandeer. Van die 75% leerders, hou 85% van hulle nie eens tred met hoeveel tyd hulle op hul fone spandeer nie. Een uit elke sewe mense op die planeet is op Facebook geregistreer en 90% van alle mense jonger as 18 speel aanlynspeletjies op verskeie platforms.

Tieners ly aan angs wanneer hulle hul selfone misplaas, en aan depressie wanneer hulle nie aanlyn is nie. Dit het verskeie negatiewe gevolge soos konflik met vriende, slaapversteuring, uitstel en veral akademiese onderprestasie. 'n Studie toon dat mense tussen 25 en 29 gemiddeld minder as twee uur per dag op hulle selfoon deurbring, werksoproepe uitgesluit en dat die jonger generasie veel meer tyd op hul selfone deurbring as ouer mense. Slegs 20% van mense van 40 jaar en ouer bestee meer as drie ure op hul selfone, in vergelyking met 75% jong mense.

Selfoongebruik by skole steur onderrig. Die meeste skole het dissiplinêre stappe in plek daarteen maar dit moet toegepas word. Elke skool moet 'n selfoonbeleid hê waarvolgens selfone slegs spesifieke tye gebruik mag word.

Dit is egter moeilik om fone by skole te verban aangesien die meeste kommunikasie op digitale platforms plaasvind.

# The woman who looked death in the eye

**RELE TSOAI**

Early one morning on her way to work, a truck carrying 25 tons of maize - in other words, the weight of four elephants and 1000 kilograms of bricks - skipped a red traffic light and slammed into OFM radio presenter Irene Fischer's car. This left her skull cracked from ear to ear and amongst other injuries, a broken body, a ruptured spleen and liver and a shattered pelvis. Her heart stopped twice on the way to the hospital and doctors said she would survive only 72 hours. She fought back and 23 operations later her chances of survival stabilised.

This is the story of Irene Fischer; the woman who, despite all predictions, overcame all the obstacles and survived.

Irene, now a motivational speaker and successful writer, visited Grey to tell the boys about her recovery process. She compared the whole process of her recovery to the development stages of a child. She had to relearn how to eat, walk, talk and even use the toilet.



**Irene Fischer is a phenomenal woman.** **Photo: André Hough**

The crack in Irene's skull resulted in brain damage that left her hemiplegic - the right side of her body and left side of her face are paralyzed. She has a speech impediment, her eyes are damaged, she has no saliva and only recently realised that she could produce tears again. This just motivated her to spend three years and eleven months rehabilitating herself to get to the point where she is now.

Her voice and her speech are now changed beyond repair, beyond months of speech therapy. Initially, she was embarrassed by how strange she now sounds as this added to the impression many people had that she was, in her own words, "retarded."

She now considers her voice to be one of her battle scars; she says that dead people do not bear scars and this helped her towards acceptance.

She has been invited to numerous public appearances, most noteworthy on *Kwêla* and *Carte Blanche* and several magazine interviews have been published. She was recently invited to the annual book festival in Richmond, in the Karoo where she won two awards for her biography.

Indeed – Irene Fischer, the woman who looked death in the eye ... and didn't blink.

WISDOM TEETH ISSUES?



Make an appointment with one of our specialists for expert assistance. **CURE DAY CLINICS BLOEMFONTEIN** is the ideal state-of-the-art facility for wisdom teeth procedures!

**CURE – CONVENIENT, AFFORDABLE, FRIENDLY AND PROFFESIONAL.**

**Dr Hoek** (Maxillo-facial surgeon) on **051 430 5647**,
**Dr Floris Kotze** (Dentist) on **051 444 2350**
or contact the hospital for assistance on **051 072 0018**.
marketing@cdc-bloemfontein.co.za | www.curedayclinics.co.za

29 Poole Street,
Brandwag, Bloemfontein
**FB**: CureDayClinicsSA
GROUP OF DAY HOSPITALS

cure DAY CLINICS

SPECIALISED DAY SURGERY

## the listicle

### All things you might want to read about

VLADIK SEAGREEN

This issue of Stabilis introduces Grey College to a new feature, namely the LISTICLE.

It is a combination of list and article and should you want to read a snippet of short news, please submit such items to the editorial staff.

This listicle deals with staff snippets and we await your news for the listicle.

- Mr Roelf Meyer recently became a grandfather for the first time. Welcome to Joshua.
- Mr Corné van Rooyen's crutch skills are coming along well after he tore his ankle ligaments in a fall at school.
- Mr Mahabeer and his wife Zilke welcome their second child, daughter Lilian into the Grey community.
- Ms Cheré Jordaan was operated on to release trapped ligaments in her thumb …
- Ms Corné Grobbelaar is welcomed back at school after the birth of her second daughter, Tenay.

## belangrike datums

| | |
|---|---|
| **24 June:** | Schools close |
| **25-29 June:** | Squash: SA schools |
| **18 July:** | Schools start |
| **22-24 July:** | Engen Knockout Challenge |
| **30 July:** | Grey High interschool |

# Goeie dag dames!

*Jong vroue ken die pad wat hulle wil stap*

DIRKIE LAAS

Grey het 'n nuwe aktiewe avonturier en ontdekkingsreisiger. Sy is vreesloos, sterk, hardwerkend en perfeksionisties. Sag gesnaar, gegoogle, gerat, gemaklik. Geduld - glad nie.

Sy is Lize Van Der Merwe. Toegerus met matriek by Oranje Meisieskool (2011) en 'n B.Ed (UOVS) in onderwys deel sy haar kennis graag met die mense rondom haar. Sy weet ons land benodig sterk vrouens met kennis, vrouens wat hardwerkend en afgerond is sonder om te kieskeurig te wees. Daarvoor sal sy sorg.

Dan is daar die huis, by ma en sussie, met kookkos, klassieke musiek en Luther die worshond.

Daar is iets wat Suid-Afrika se suksesvolste vrouens gemeen het. Hulle is hardwerkend, gefokus, energiek en innoverend. Dink maar aan Santie Botha, Pam Golding, Basetsana (Bassie) Kumalo, Thuli Madonsela of Maria Ramos.

Honderde onderwysstudente het laas jaar afgestudeer en almal het gedroom van 'n permanente onderwyspos, dalk in hul eie tuisdorp. Slegs 'n paar sou by een van Suid-Afrika se topskole kon inkom, maar net een kon aan Grey se vereistes voldoen: Lize Van Der Merwe.

Tineal Trethewey introduces *Generation Me*.



Two Grey ladies going places. Photo: BJ Vorster

Our youth are observant, ready to explore and dissect everything. Moulded by multicultural influencers like friends and trends, they ask questions like, "Who am I to someone else?", "Who am I to me?", "Why am I here?", and "What do I do while I'm here?"

Tineal is no exception. This Queenstown Girls High product who studied at Stellenbosch University simply loves the world she floats in. From dining at a little Lebanese Restaurant in Stellenbosch to diving in the Coral Reefs in Asia, she enjoys all aspects of life. She loves her hard working, passionate but humble parents just as much as she loves the friendly people in Asia. From Morgan Bay to Queenstown, to Stellenbosch to Asia, her world is simply without borders. She owns Madeleintjie, a black fish and Garfield, a goldfish. She is youthful, vibrant and active and enjoys squash, tennis and hockey. She loves sushi and rare steak, enjoys watching Modern Family and she understands reggae.

# ATM fraud: Watch your back; other eyes are

DYLAN BARNES

Just how safe is your card? Do you prefer swiping your card or do you withdraw cash from ATMs? Withdrawing money from ATMs today is not as safe as we remember it. Modern technology has made it possible for criminals to copy your card details, and get your pin within seconds of your placing your card into the machine. The criminal can then easily withdraw money from your account.


Ryno Koen from Capitec Bank showed the boys and staff of Grey College the risks of using bank cards at the ATMs. The devices used to make copies of your card are incredibly small or very well hidden, so that they are not easily recognised. A wide variety of devices are used to make a copies of your card, such as a piece that is placed on top of the usual slot in which you place your card. A camera is concealed in a false brochure holder. Some devices combine the card copiers and the camera into one, very small device.

Be safe when you use your card. Swipe your card to pay for purchases. If you need to withdraw cash, do it inside the bank. Keep the number that appears on your card for card cancellations on your cell phone, in case it is swallowed by an ATM.

Many anecdotes are circulated about how people are cheated out of their money by not being duly vigilant at ATM machines. There are sad stories about poor pensioners being robbed as a result of believing in offers of assistance. These stories are endless and most probably true, yet despite that the spate of robberies and fraud continue. The simple basic rule is: be aware and don't accept help from strangers.

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport
Coca-Cola




PROFILE

# Where in the world is… Mark Walraven

RELE TSOAI

Mark's interest in business started at Grey College where he was awarded the JJ Steenkamp Medal for Business Studies in matric, 2010. An International Business and Management degree from a European business school seemed like the perfect chance to expand his opportunities.

During his undergraduate years he participated in several external opportunities, which led to his visiting Sweden, Finland, Russia and Canada, amongst several other EU countries. Playing hockey in the famous Dutch League that attracts players from around the globe, was a dream come true.

He went to Rotterdam as it is the economic capital of The Netherlands. He fortunately has Dutch citizenship as this opens all doors into Europe. After graduating from Rotterdam Business School with a Bachelor in International Business and Management Administration, he started working as a manager of special projects for an International company based in Zwijndrecht, south of Rotterdam. His responsibilities include account management for the largest casino chain in The Netherlands, Lead Contact person for International suppliers and clients and marketing roles in advertisement and branding for the company.

Mark says he has considered returning to South Africa, most recently after completing his graduation thesis for a French multinational who wished to expand their business into Africa. But the current political and economic situation in South Africa serves as a deterrent - and Europe has better opportunities. His next aim is to complete his MBA and then start his own business.

The level of professionalism and authority of his job is gratifying, especially giving corporate presentations, client meetings and closing deals. Business events, mostly external projects from his university have taken him to several countries England, Belgium, Germany, Finland, Sweden, Russia and Canada.



One of the young Turks, going places. Photo: Supplied

# Toewyding aan musiek dra vrugte

*Skool se uitslae is 'n bewys van volgehoue hard werk en entoesiasme*



**So lyk dit as jy jou hart uitsing vir die Kollege.** **Foto: Eric Diswane**

**DANIEL VON ESCHWEGE**

Grey beskik oor 'n groot verskeidenheid kultuurgroepe wat verseker dat daar iets was vir elke smaak, van solo-items tot groep-optredes.

Hierdie jaar se Kunswedstryd was sprekend hiervan.

Leerders wat solo's voorgedra het, was, onder andere, Shaeffer Georgio wat drie A++ vir sy saksofoonsolo gekry het, Werner van der Merwe op die baskitaar, Bernard Bührman op die saksofoon, Dirkie Laas op die konsertina en Martin Claassen op die saksofoon.


Die Grey Ensemble wat vanjaar 'n aantal Oranje-meisies insluit, het 'n A++ losgespeel met hulle vertolking van Michael Bublé se *Everything*. Die Ensemble bestaan uit viole, tjello's, saksofoon, klavier, dromme en kitare en word afgerig deur mnr Altus Moolman en me Celeste Venter.

Die Grey Band wat uit blaasinstrumente, kitare en dromme bestaan, met mnr Paul Loeb van Zuilenburg aan die stuur, het 'n welverdiende A++ gekry.

Indomitus, olv mnr Hattingh Davel het 'n A+ verwerf. Die Greykoor het 'n A-simbool ontvang by die kunswedstryd, en by die ATKV Applous-uitdunne het hulle goud verwerf. Hulle dring gevolglik deur na die finale kompetisie wat in Augustus in Stellenbosch plaasvind. Die koor word deur mnr Davel afgerig en begelei deur mnr Dana Cilliers. Van die koorwerke wat hulle gesing het was *Molweni / Siyanibulisa*, asook die Ierse tradisionele lied *Dúlamán*.

Albei Boereorkeste het 'n A++ losgetokkel met hulle opgewekte musiek. Hulle baie bekwame afrigters is mnr Anton Greeff en me Santjie Louw. Laastens, Grey se eie band met Tiaan Serfontein, Nico Prinsloo en Wian Esterhuyse het met *Undaunted* ook 'n A+ verwerf.

## staccato



### 'n Fees vir die oog by die jaar se 12e Musiekfees

**REINHARDT GROBBELAAR**

Grey Kollege is besonder geëerd om Charlize Berg te ontvang as een van die gaskunstenaars by hierdie jaar se musiekfees. Met haar besondere stem wat haar al vele prestasies besorg het, bestaan daar geen twyfel dat hierdie vrou met die unieke karakter 'n positiewe bydrae tot die fees sal lewer nie.

Charlize Berg word tereg beskryf as een van Suid-Afrika se mees gewaardeerde sangers. Haar loopbaan is beloon deur verskeie nasionale en internasionale prestasies. Sy is – onder andere – al benoem vir die 2012 beste pop-album en sy is ook genomineer vir die toekenning as beste vroulike kunstenaar van 2012. In 2013 het sy saam met Heinz Winckler die Suid-Afrikaanse volkslied op Loftus gesing, voor die rugbywedstryd tussen Suid-Afrika en Australië.

Charlize voel dat haar talent meer behels as bloot dié van 'n kunstenaar wat slegs in Afrikaans sing.

Haar Engelse verhoogproduksie, *Tribute to the Greatest Voices*, is 'ongetwyfeld baie suksesvol. In hierdie vertoning bring sy hulde aan wêreldberoemde stemme soos dié van Whitney Houston, Barbra Streisand en Celine Dion.

## Interschool sing-off is a showcase for huge talent

**DANIEL VON ESCHWEGE**

The highly anticipated Grey / Affies Culture Evening of 2016 was a massive success, with performances involving the school choirs, ensembles and bands of both schools, as well as the Indomnitus, Drumline, and other musical groups.

The school hall was filled with the faces of excited parents, learners and staff members, among whom were mr Scheepers as well as several members of the school educational staff, all ready to be entertained.

The audience was intrigued by the vast variety of instruments, including cellos, violins, saxophones and many others.

Despite the fame and honour to be involved in an event as such, the Grey Boys experienced little nervousness and showed no apprehension whilst performing to the large crowd.

The programme started with the A-Minere, an Affies group similar to Grey's Indomnitus. Many captivating performances followed. The programme was highlighted by groups such as the Gumboots, Grey-Oranje Ensemble, the Affies choir, and the Indomitus.



**Cool and competent - a winning combination. Photo: Stefan Verhoef**

The evening came to an end with an excellent performance by the Affies school choir of *Dies Irea (Day of Wrath)*, *Hillbrow*, and *Do you Hear the People Sing*.

After a competitive evening that showcased the talent of Grey College as not only a sport school, but accomplished in music as well, the remaining Grey Boys assembled outside and sang 'Viva la Grey' to the glory of the school.

Each learner left the evening proud, not only of their own contributions to the event, but also to be in Grey College.

The 2016 Grey / Affies Culture Evening was a huge success and an inspiration that brought life to the learners and to all who were privileged enough to be present in the audience.

All in all, this event ranks very high on the school's culture calendar as a suitable showcase for the immense talent in both these schools.






# Maak Grey deel van jouself

Elke jaar is daar ongeveer 600 tot 700 seuns wat aansoek doen, terwyl hulle hoop en bid, om ook in die nuwe jaar as graad 8-leerder 'n Grey Kollege-baadjie aan te trek. Dit is hulle droom om ook deel te hê aan die tradisies en geskiedenis wat deel is van die skool, die "oudste in Oranje-land".

Sommige seuns doen aansoek as gevolg van die uitstekende sport-, kultuur- en akademiese fasiliteite wat die skool aan hulle bied. Hulle kyk op na oud-Grey-helde wie se Springboktruie in die saal uitgestal word, of na 'n suksesvolle besigheidsman en streef daarna om in hul voetspore te volg. Maar wat het hierdie manne bo die gemiddelde man laat uitstyg?


Die twee bogenoemde vrae is algemeen op die lippe van diegene wat onbekend is met Grey. Maar enige persoon wat betrokke is by die skool, hetsy 'n onderwyser, Grey-seun, oud-Grey of ouer sal vir jou sê die antwoord is voor die hand liggend. "The Grey Way!"

Maar dit is ook ongelukkig waar dat sommige van die waardes mettertyd langs die pad verlore geraak het. Dit is 'n groot hartseer en onderwysers, oud-Greys en seuns het besef dat daar 'n drastiese verandering moes kom. Dit was die woorde van die begin van die jaar af. Daar is dus van die begin van die jaar af klem geplaas op die waardes van die verlede.

Gedurende dié kwartaal se saalperiodes het mnr. Scheepers sommige van die oud-Grey personeellede die geleentheid gegee om te getuig van "The Grey Way". Die doel was dat beide die personeel, waarvan daar heelwat nuwelinge is, en seuns sal besef hoe uniek die skool is en dat ons, as huidige generasie, 'n verantwoordelikheid het teenoor die skool. Daar is herhaaldelik genoem dat ons as skool moet let op die klein en amper 'algemene' dingetjies wat ons anders maak as ander skole. Ook om 'n onselfsugtige en lojale gesindheid teenoor mekaar en die skool in te neem.

Die oud-Greys en die Reünie het ook nie laat slap lê nie en ook hul kant gebring om die skool in 'n nuwe rigting in te stuur. Hulle het selfs een saalperiode die seuns van die ou 'sing songs' geleer en tereggewys waar daar verkeerd gesing word. Dit het 'n positiewe uitwerking op die seuns gehad en die gees gedurende saalperiodes is so aansteeklik soos dit lanklaas was.

Kom ons laat toe dat "The Grey Way" deel word van wie ons is.







## Gesindheid vorm basis van sportmanskap

***Geagte mnr Scheepers***

Ons wil u gelukwens met Grey. Die seuns se "attitude" was baie goed dié naweek. Ons het mooi sportmanskap gesien en voel sommer baie trots op die skool. Was 'n bietjie bekommerd daaroor maar is bly om te sien daar is 'n verandering. Ons het weer 'n nederigheid bespeur en onder die seuns opgemerk. Die eerstespan het geen "sights" gehad nie. Geluk met die nuwe "brand" rugby wat Grey speel. So baie trots op hulle!

Ek wil net graag 'n voorstel maak. Is daar nie 'n moontlikheid dat daar 'n telbordspan aangestel kan word nie? Ons is seker daar sal manne wees wat trots daarop sal wees om so deel van die span te kan wees. So kan almal 'n bydrae maak selfs al is hulle nou nie rugby- of krieketspelers nie. Dit help alles om te bou aan die trots van die skool. So kan 'n man ook sy plek op 'n ander manier in die span verdien. Daardie persone kan mos sorg vir water ook. Dis mos ook 'n trots!

Nou nie seker of ons verkeerd is wat skooltradisies aan betref nie. Is dit net hoër spanne se voorreg? Ek dink net dit sal help met moraal en gees van seuns. Dit skep ook 'n goeie indruk van Grey.

Waardeer u insette.
Vriendelike groete
***Joey en Freddy Bondesio***

# Captain targets consistent results

## *Brandon Forsyth shares his vision for a season on the hockey fields*



**Brandon Forsyth and Albert Potgieter share Six Cokes at the Astro.** **Photo: Burger Minnaar**




**ALBERT POTGIETER**

*Describe the first ever hockey match you ever played.*
I only remember this game because my father carved out a hockey stick for me just to be sure I enjoyed the sport before he had to buy a stick.

*Why did you choose to pursue your high school hockey career at Grey College?*
My primary school didn't have an astro and I wanted to take my hockey further. Grey offered this privilege along with many other opportunities that would be silly not to take advantage of.

*When and where dit you make your first team debut?*
After hard work in grade 8 and 9 I was lucky enough to train with the squad and make my debut against Queens' College in grade 10.

*What are the main goals for the team this year?*
The team is off to a great start this season. Our goal would be to keep it that way and remain consistent throughout the rest of the season.

*What will be the teams' biggest obstacle in reaching this goal or vision this year?*
We have all the talent and facilities we need. So our only obstacle would be staying dedicated and working harder when we need to.

*Which hockey match will you never forget and why?*
I'll never forget the 'comeback' our under 14A side made against KES. We were 4-0 down at half time but managed to score 5 goals in the second half to win the game 5-4.

*Who had the most influence on your hockey career?*
Definitely my parents; they are always encouraging me.

Redaksielys 2016

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Albert Potgieter
**Subredakteur: Nuus** Gary Dykman
**Subredakteur: Sport** Etienne Erasmus
**Subredakteur: Diepte** Hugo Richter
**Subredakteur: Joernaal** Jaco van Loggerenberg
**Subredakteur: Kultuur** Daniel von Eschwege

**NUUSREDAKSIE**
Izak Adendorff, Eduan Truter, Dylan Barnes, Nathi Mosala, Relebohile Tsoai, Dirkie Laas, Vladik Seagreen

**SPORTREDAKSIE**
Hanru Bührmann, Johan van Eck, Ferdinand Ferreira, Ebert Wohlitz, Henko Delport, Gustav Pieterse, Christopher Schreuder

**DIEPTEREDAKSIE**
Kolbé Kolver, Phillip Pretorius, Andries Mulder, Dapper de Wet, Carel Greyling

**KULTUURREDAKSIE**
Reinhardt Grobbelaar

**JOERNAALREDAKSIE**
Valerio Cirelli, Nico Dreyer

**KUNSTENAAR**
Jan-Pieter Jacobs

**FOTOGRAWE**
BJ Vorster, Burger Minnaar, André Hough, Eric Diswane, Eduan Naudé

## Nuusbrief word Stabilis 90 jaar later

**PHILLIP PRETORIUS**


Grey Kollege se skoolkoerant, Stabilis, vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar, maar alhoewel dit beslis die oudste skoolkoerant van Grey is, is dit beslis nie die eerste of die enigste een nie.

"Stabilis appears again after 90 years", was die hoofopskrif van die Stabilis wat in April 1967 verskyn het. Hiermee word verwys na die College Observer, 'n handgeskrewe nuusbrief wat deur 'n paar Grey-leerders geskryf is in 1877. Die nuusbrief was egter van korte duur en het nie op 'n gereelde basis verskyn nie.

Na verdere ondersoek is daar ook gevind dat daar nog 'n skoolkoerant tussen die tydperk van 1877 en 1967 was. Dit was die eerste Grey Kollege skoolkoerant onder die naam Stabilis en het in 1946 verskyn. Die hoofredakteur van die eerste Stabilis- uitgawe, was 'n leerder genaamd Johan Vorster. Johan het sy skoolloopbaan by Grey begin as 'n graad 11 leerder. Hy is die persoon wat werklik die Stabilis op die been gebring het, met die hulp van mnr AK Volsteedt (hoof van 1960-1969) en vader van mnr Johan Volsteedt (hoof van 1993-2012). Ongelukkig was daar net twee uitgawes.

Die Stabilis sien hierna weer die lig in April 1967. In daardie eerste uitgawe het hulle in diepte die waardes van Grey onder andere, lojaliteit bespreek.

Die Stabilis het al 'n ver pad geloop sedert 1967. Soos tegnologie verbeter het, het die Stabilis daarby aagepas deur beter kwaliteit papier, skrif en kleur te gebruik om algeheel 'n puik skoolkoerant daar te stel.




# Tuck Shop nog gewild na baie jare

*Die tuisgemaakte 'chicken burger' en 'slap chips' is vingerlek-lekker*

**DAPPER DE WET**

Die Tuck Shop is 'n gewilde bymekaarkom- en kuierplek vir alle Grey-seuns, oud-Greys en die res van die Grey-familie. Etlike jare lank al word vriendskappe gebou en stories gedeel terwyl daar gesmul word aan die tradisionele 'Pie en Coke' of 'Slap chips'.

Die huidige Tuck Shop by die Fischer Tuin, is op 11 Mei 1984 amptelik geopen en ingehuldig, na afloop van die verskuiwing vanaf sy oorspronklike staanplek, wat nou deel van Eunice se skoolgronde vorm. Die Tuck Shop, Brill-huis, Murray-huis, die Hoofgebou en die Reüniesaal is almal Nasionale Gedenkwaardighede en vorm deel van Grey Kollege se ryk geskiedenis van meer as 160 jaar.

Vanaf 1984 tot 1991 was die Tuckshop onder die bekwame bestuur van mev Helen Allibone en daarna is die bestuur oorgegee aan mev Hilda Rudd tot en met 2011. Menigte oud-Greys sal die ou Tuck Shop Toyota onthou, wat baie paartjies matriekafskeid toe gery het. Tans is die Tuck Shop onder die waaksame oog van mev Annette Marais en haar seun, Anton, is die bestuurder.

Is die 'Pie en Coke' nog die mees gewilde item? Volgens mev Rudd het die gunstelinge van tyd tot tyd verskil in haar bykans 20 jaar as bestuurder van die Tuck Shop, maar die sogenaamde 'Pie en Coke' was nog altyd 'n gewilde keuse. Volgens 'n opname onder leerlinge blyk dié tradisionele gewilde lekkerny nie meer die huidige Grey-brak se eerste keuse te wees nie, soos duidelik uiteengesit in die statistiek, met slegs 2% wat dit bestel. Die tuisgemaakte 'Chicken Burger' is los hande in tweede plek met 25%, maar die gewildste is beslis 'Slap Chips' met 36%.

Baie seuns volg 'n streng eet- en oefenplan, maar hulle kan klaarblyklik nie die lekkernye by die Tuck Shop weerstaan nie - dalk smul hul slegs aan dié op hulle 'cheat day'.

## Geskiedenis as vak het 'n blink toekoms

**CAREL GREYLING**

Die Minister van Basiese Onderwys, me Angie Motshekga, het reeds in 2014 genoem dat haar departement die moontlikheid ondersoek om Geskiedenis 'n verpligte vak te maak. Die uitgangspunt is dat dit sal bydrae tot nasiebou, patriotisme en sosiale kohesie.

Stabillis het die stand van Geskiedenis in Grey ondersoek deur 'n onderhoud met mnr Machts te voer. Tans is daar vyftig leerlinge wat Geskiedenis in graad 12 neem. Die getal neem toe vanaf graad 10 na graad 12.

Mnr Machts voel dat dit Geskiedenis as vak groot skade sal berokken, indien dit 'n verpligte vak sou word. Dit sal meebring dat talle onderwysers wat nie werklik vir die vak opgelei is, of 'n liefde vir die vak het nie, nou skielik die vak sal moet aanbied. Die gesoute Geskiedenis-onderwyser weet hoe om die vak interessant en dinamies aan te bied, deur voortdurend vergelykings tussen die hede en verlede te trek.

Die waarde van die vak kan dikwels nie konkreet gemeet word nie, maar meer op 'n geestesvlak. 'n Leerling wat Geskiedenis neem, word geleer om probleme op 'n holistiese wyse waar te neem en daarvolgens deurdagte besluite te neem.



**Mnr Ingo Machts, storieverteller van Geskiedenis. Foto: André Hough**

Buiten die gewone beroepe soos onderwys en politieke wetenskap, kan geskiedenis ook in die filmbedryf help waar daar agtergrondstudies vir sekere soorte flieks gedoen moet word. Dit het ook groot waarde vir beroepe soos die regte, deurdat dit die student leer hoe om die regte studiemetodes te volg. Vir die joernalis bied dit ook uiteraard 'n goeie agtergrond vir onderhoudvoering.

Of die instel van Geskiedenis as verpligte vak werklik sosiale kohesie sal meebring, soos wat ons minister hoop, is 'n ope vraag. Dit kan eweneens net so 'n verdelende invloed op 'n gemeenskap hê waar gebeure daagliks op 'n mespunt gebalanseer is.

Dat Geskiedenis wel 'n belangrike rol te speel het, is nie te betwyfel nie, Theodore Roosevelt het gesê: "The more you know about the past, the better you are prepared for the future."

## Matriek 'Rage' vir oulaas saam

**ANDRIES MULDER**


Matrikulante droom van die dag wanneer hulle uiteindelik hulle ouerhuise kan verlaat en kan doen wat hulle wil. Alhoewel studeer én werk soek én huis opsit alles prioriteite is, is daar tans net een woord op elke matrikulant se lippe, matriekvakansie!

Met organisasies soos 'Plett Rage' en 'Balito Rage' wat vakansies vir matrikulante aanbied en 'Finesse' wat 'n bootreis net vir matrieks aanbied, is daar vele keuses wat gemaak kan word. Meer as 90% van die matrikulante in Grey het bevestig dat hulle hulle plek vir minstens een van hierdie vakansies verseker het.

Raynard van Tonder sê: "Omrede die krieketseisoen altyd in Desember plaasvind, is daar nie tyd vir vakansie hou en rus nie. Dit is belangrik om aan te hou oefen en hierdie tydperk produktief te gebruik."

Stabilis het ook met Daniël Claasen gepraat en hy het die volgende te sê gehad: "Ek het besluit om na Cape St. Francis te gaan om vir oulaas saam met my skoolvriende te kuier."

Mario Vieira, skoolkaptein sê: "Daar het soveel gebeur in die afgelope 5 jaar waar ons die voorreg gehad het om saam met mekaar te beweeg. Ons het saam hartseer en saam geluk beleef, saam die verlore hanteer en die wenne geniet."



## Matrieks het groot planne en drome vir hul toekoms

**KOLBÉ KOLVER**

Die matrieks se dae op die skoolbanke word min en meeste matrikulante se oë is alreeds gevestig op volgende jaar en wat dit mag inhou.

Stabilis het met Mario Vieira, Gideo Beukes en Daniel Claassen gepraat om te hoor wat hulle beplan vir die toekoms.

Mario, skoolkaptein en tweede op die graad 12 akademiese merietelys, wil graag medies gaan studeer aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy glo dat dié universiteit 'n goeie mediese fakulteit het en dat hy ook sy rugby daar sal kan beoefen. Hy wil in 'n mediese rigting gaan omdat hy elke dag 'n verskil in iemand se lewe wil maak en sy passie vir mense wil uitleef. Mario wil graag in chirurgie spesialiseer maar droom ook daarvan om rugby professioneel te speel.

Daniel Claassen, die top akademiese presteerder in graad 12, wil graag Aktuariële Wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer. Oor vyf jaar sal Daniel alreeds sy honneurs wil voltooi het en besig wees met sy internasionale eksamens. Daniel sal graag ook wil trou binne die volgende tien jaar.

Gideo Beukes, die kaptein van die eerste rugbyspan, wil graag Sportwetenskap aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Sy groot droom is egter om professioneel rugby te speel. Hy wil graag as hy twintig is by 'n Franse rugby akademie aansluit en droom daarvan om eendag professioneel vir Frankyk rugby te speel.

Hierdie drie seuns dien as bewys dat Grey nie slegs 'n sportskool is nie, maar dat dié Grey-seuns drome en planne het om in Suid-Afrika en in die wêreld hul stempel af te druk.



**Leon Schuster oefen 'n duikslag op mnr Van der Wal uit tydens 'n Shimlas-oefening in 1974.** **Foto: Argief**

# Plaasjapie word Grey rugbylegende

*Mnr Dries het talle bekende rugbyspelers help skopskoene aantrek*

**HUGO RICHTER**

Mnr Dries van der Wal is nie 'n onbekende figuur as dit kom by Grey rugby nie. Hy het in 1981 by Grey begin skoolhou en was aanvanklik betrokke by die o/15 A en B-spanne en het later ook die o/14 A en B-spanne afgerig.

Mnr Van der Wal het in 1984 betrokke geraak by die eerstespan en het deur die jare saam met mense soos mnre Jos Labuschagne, Andrei Swanepoel, Jaco Swanepoel en Ingo Machts afgerig. Hy het langjare met die eerstespan gewerk en was daar betrokke van 1984-2005. Mnr Van der Wal en Mnr Machts het ook weer in 2008 die eerstespan afgerig.

Mnr Van der Wal sê dat hy nie enige rugbyjaar of speler in sy loopbaan by Grey kan uitsonder nie, maar dat dit altyd lekker was om deel te wees van 'n onoorwonne jaar. "As jy die jaar onorwonne was, was dit altyd 'n spesiale gevoel. Ek wil nie graag spelers uitsonder nie, want as jy vir Grey se eerstespan gespeel het, is jy goed genoeg om onthou te word. Ruben Kruger was egter 'n uitsonderlike speler wat almal onthou." Peter de Haas was ook 'n speler wat volgens hom Springbokke moes haal, maar wat dit nooit gemaak het nie. Mnr Van der Wal vertel interessante stories en sê dat hy al baie geluk en hartseer in sy 30 jaar by die eerstespan beleef het.

Hy en mnr Machts rig tans die sewende en agste spanne af, maar met sy aftrede aan die einde van 2016, sal dit sy laaste jaar wees. Hy beplan om by die see af te tree en homself besig te hou met houtwerk. "Ek gaan ook my 16 braaiers in stand hou, want ek hou baie daarvan om te braai." Hy was self ook 'n kranige speler op sy dag en het uitgedraf vir onder andere die Vrystaat o/20's, asook die Shimlas en die Vrystaat B-span.




## When is enough pocket money enough?

**HUGO RICHTER**

TThe subject of pocket money, or more specifically, how much pocket money, can be a sensitive topic among parents and teenagers. Most parents are wary of being too generous and spoiling their children and most teenagers are fearful of not having enough. In the current economic situation deciding how much is too much, or too little, is a challenge. Stabilis did a survey among the Grey learners to find out how much is enough according to them and their parents.

A hostel boarder's needs are different to those of a city boy who stays with his parents. According to the survey most hostel boarders receive between R500-R1000 pocket money on a monthly basis. They use this money to buy airtime, for school necessities such as stationery and toiletries, but it seems most of the hostel boarders use their pocket money to buy food – either at the Tuck Shop, Grey Together, Quick Shop or at the mall. They also use their pocket money to socialise over weekends, may it be watching a movie at the mall or eating at a local restaurant.

Learners who are city boys and live with their parents, on the larger part get less pocket money than a hostel boarder. The average monthly pocket money of a city boy is between R250-R500 and the intended purpose of this wage is mostly socialising and airtime. Many learners have to do chores at home, such as wash the dishes and mow the lawn in order to earn their pocket money or to supplement their pocket money. On special occasions like interschool trips or dances, learners have to pay for it from their own pocket money.


Some learners work over weekends to earn extra wages. They are waiters at local restaurants, they work at local supermarkets, they help out on their parents' farm and one learner even fixes cars. According to Andries Mulder he thinks it is important for young people to work for their own money, because then they learn from a young age where money comes from.



**Money makes the world go round.** **Photo: Eric Dishwane**

# Hierarchical system ensure that the Grey way is conserved for all

*The chain of command leads from school captains right down to juniors*







Grey College has its own unique hierarchical system based on position and power in the school.

According to the dictionary hierarchy is 'a system in which members of an organisation or society are ranked according to relative status or authority'.

Hierarchy among the learners follows a traditional chain of command: the three school captains at the top, then the prefects, then the matrics and then the lower grades. This entire hierarchy is based on the level of rights you have in the school – in which grade you are determines your rights in the school.

This hierarchy was enforced every year via initiation. Even though initiation had its negative aspects and has been vetoed, most Grey boys are of the opinion that it created unity in the school and enforced the hierarchy, especially by showing the grade 8s where they rank on the metaphorical food chain.

Grey's hierarchy is intertwined with the tradition and greatness of the school because with this hierarchy everyone knows their place and there is a power balance in the school.

Without initiation it has been difficult for the senior learners to enforce this hierarchy. Without proper initiation the junior learners aren't taught how things work or how things are done at Grey. Examples of this are seen when junior learners walk across the grass restricted for matrics, or when junior classes are so unmanageable that they've driven some female staff members to tears.

The prefects and school captains have exhausted every avenue trying to enforce authority and have the junior classes walk the traditional 'Grey'-line. This can lead to incidents where prefects act against some junior learners to attempt to force them to 'fall in line' for disrupting classes and causing trouble during assembly.

Teachers often complain about the discipline of learners and they do rely on the prefects especially to help them keep the junior learners under control. However, since corporal punishment is illegal, initiation forbidden, physical training as punishment too tough and harsh words regarded as too harsh, there are not much the prefects can do to enforce the age-old hierarchy.

It is true that a hierarchical system can lead to the abuse of power or to a sense of entitlement among the senior learners, especially the matrics.

If authority and power is managed well by the school captains and the prefects it provides guidance to junior learners, it ensures that traditions are passed on along generations, it creates leaders and role models and it unites the school in a common goal.

## Batman vs Superman: An epic battle unfolds

*Genre: Sci-Fi*
*Director: Zack Snyder*
*Rating: 7/10*

**VALERIO CIRELLI**

When news spread from the headquarters of DC Comics that Batman vs Superman: Dawn of Justice was more than just a rumour, superhero fanatics from all over the globe went into instant delirium.

What these fans did not expect, however, was the disappointment that ensued after the release of the movie by the multi-million dollar comic book publishing franchise. In this sci-fi action fantasy, directed by Zack Snyder (starring Ben Affleck as The Dark Knight and Henry Cavill as The Man of Steel), the scene is set in the broken down city of Metropolis, where reporter, Clark Kent has his hands full balancing his love life, work and his secret alter ego.

Meanwhile, in the city of Gotham, billionaire Bruce Wayne continues as the bat vigilante but feels that Superman is a threat to humanity and must be stopped. As the two superheroes battle it out to save humanity, there is, however, a greater force at play. CEO of Lex Corp, Lex Luther, is looking to finish the legacy of his late father by destroying Superman.

Although the movie has been criticised by the media, the blockbuster featuring the Gods of the DC universe has broken its fair share of Box Office records. The movie was one of the fastest sold out movies of all time. It produced a Box Office turnover of 862,9 million USD, breaking the records of Fast and Furious 7 and even The Hunger Games.

## Video gaming is not just child's play

Video games are a relatively new medium in comparison with more established mediums such as film or literature. However gaming as a medium has grown to become popular ever since its inception.






Graphic: Supplied

Although it would seem that games are doing better than ever before, it still faces some interesting challenges. Firstly video games still have a lot of stigmas attached to them such as "Video Games decrease your intelligence" or "Video games cause violence and harassment".

Another form of criticism video games have to endure is that games are only about violence, blood and gore. Although it is understandable why some would have this misconception, as a great deal of games do revolve around some form of violence, it is still a gross over exaggeration to state that games are only about violence. Some of the most critically acclaimed games of all time such as "Portal" and "Journey" revolve entirely around puzzle-solving and exploration.

It is quite often said that games are just a waste of time. The goal of the games are to influence, enlighten, entertain and to share ideas and emotions. If we can agree that this is a waste of time then a majority of what we have done as humans can be considered a waste of time. Video games have even been proven to have educational benefits. The interactive nature of video games also sets them apart from other mediums and games are unique in that respect. This allows video games to deliver experiences unlike any other medium can hope to create.

With the popularity of video games still on the rise and showing no signs of ceasing, it is clear that the games medium will eventually obtain the respect it is due. In the future games will continue to grow and improve as a medium and it is important not to underestimate the value of games, because games matter.

***- Dr Games***



## uitslae

### HOKKIE

**KES TOERNOOI**

| | |
|---|---|
| Grey vs St Davids | 1-1 Gelyk |
| Grey vs St Johns | 3-2 Wen |
| Grey vs KES | 2-0 Wen |
| Grey vs Garsfontein Hoërskool | 6-2 Wen |
| Grey vs Eldoraigne High | 7-1 Wen |

**O/19 A NOMADS TOERNOOI**

| | |
|---|---|
| Grey vs PBH | 2-1 Wen |
| Grey vs Rondebosch | 2-3 Verloor |
| Grey vs Wynberg | 0-3 Verloor |
| Grey vs Jeppe | 2-2 Gelyk |
| Grey vs Maritzburg College | 2-3 Verloor |

**O/16 A NOMADS TOERNOOI**

| | |
|---|---|
| Grey vs St John's | 2-0 Wen |
| Grey vs KES | 0-1 Verloor |
| Grey vs Wynberg | 1-0 Wen |
| Grey vs Pretoria Boys | 3-1 Wen |
| Grey vs Jeppe | 1-1 Gelyk |

**O/14 A NOMADS TOERNOOI**

| | |
|---|---|
| Grey vs Clifton | 2-2 Gelyk |
| Grey vs Affies | 3-0 Wen |
| Grey vs Wynberg | 2-2 Gelyk |
| Grey vs Hilton | 3-2 Wen |
| Grey vs St John's | 2-3 Verloor |

**INTERSKOLE**

| | |
|---|---|
| Grey v Maritzburg College | 0-1 Verloor |
| Grey v Affies | 4-2 Wen |
| Grey v Selborne | 1-2 Verloor |
| Grey v Paarl Boys' | 3-0 wen |

# Seisoen begin positief

*Beter gees en kultuur lei tot goeie resultate*

**HANRU BÜHRMANN**

Hokkie by Grey Kollege gaan van krag tot krag en die resultate wat die eerstespan tot dusver hierdie seisoen behaal het, bevestig dit. Die eerstespan het reeds vroeg in die jaar aan twee groot toernooie deelgeneem. Die King Edward VII (KES) Toernooi, wat gedurende Maart 2016 in Johannesburg plaasgevind het, was vir Grey baie suksesvol. *(Uitslae langsaan)*

Die span het uitstekend gevaar. "Dit was vir ons 'n baie goeie en positiewe begin tot die hokkieseisoen," sê mnr Wayne Coetzee, hoofafrigter en -organiseerder van hokkie by Grey.

Die eerstespan het ook gedurende die eerste langnaweek in Mei aan die Nomads-toernooi by Wynberg Boys' High in die Kaap deelgeneem.

Grey het 'n welverdiende sege oor Pretoria Boys' High behaal en die span is baie tevrede met dié uitslag. Alhoewel die span nie al die wedstryde gewen het nie, was al die wedstryde baie kompeterend en is dit 'n reuse verbetering op vorige jare.

Mnr Coetzee is tevrede met hoe die eerstespan gespeel het en sien die positiewe dinge raak: "Ek is baie trots op die span en elke seun in die span beteken baie vir my. Hulle werk hard en benodig net ekstra selfvertroue om nederlae in oorwinnings te omskep."

Tot dusver hierdie jaar lyk die interskole-resultate ook baie goed in vergelyking met dié van die vorige seisoen.

Brandon Forsyth, kaptein van die eerstespan, is positief oor Grey se hokkie: "Ons wil graag die beste hokkie speel wat ons moontlik kan speel en as span die seisoen op 'n hoogtepunt afsluit. Met Grey PE, Glenwood en Paul Roos wat nog op ons wag, sien ons daarna uit om hierdie mikpunt te bereik."

Ook Loanko Pieterse is opgewonde oor die nuwe hokkiekultuur en -gees by Grey. "Mnr Wayne Coetzee is op die regte pad om hokkie by Grey tot 'n nuwe vlak te verbeter. Hy doen dinge reg en wil die beste vir die spelers hê. Die jong spelers wat nou deurkom is definitief van die bestes wat Grey nog gesien het en ek glo dat hulle die sukses van hokkie by Grey in die toekoms gaan verseker."



Brandon Forsyth in aksie teen Paarl Boys. Foto: Burger Minnaar

# Bergfietsryers berei voor vir verdere sukses in nasionale reeks

**GUSTAV PIETERSE**

Rinus Maarsingh, 'n matriekleerder van Grey Kollege, is een van die beste fietsryers wat die skool nog opgelewer het.

Hy het die uitsonderlike prestasie behaal deur 'n tweede plek te behaal in die Suid-Afrikaanse marathon-kampioenskappe, asook die sesde plek by die Afrika-kampioenskap. Hy is tans sesde op die Suid-Afrikaanse "cross country"-reeks en 41ste op die wêreldranglys vir juniors.

Bergfiets is een van die snelgroeiendste sporte op skoolvlak en word verdeel in twee kategorieë, naamlik "cross country" en marathon. "Cross country" is 'n olimpiese sportsoort en is die algemeenste dissipline op skoolvlak. In 'n "cross country"-wedren word rondtes gery om 'n baan met tegniese hindernisse, terwyl by die marathon-dissipline 'n roete uitgelê word wat wissel tussen 40km tot 120km.

Die skool se belangrikste wedren van die jaar is die nasionale skolereeks waar 'n skool die kans staan om as die beste skool in die land gekroon te word.

Ander belangrike wedrenne sluit ook die verskillende interskole in, veral teen Paul Roos, die Bloemfontein-skoleliga en Vrystaat-skolereeks.

Rinus sê: "Fietsry verg baie oefening en toewyding. 'n Fietsryer wat die hoogste sport wil bereik moet minstens 10 tot 15 ure per week oefen. Selfs in vakansies moet baie hard geoefen word om jou fiksheid en standaard te behou."

Rinus sê verder: "Fietsry het my geleer om nooit op te gee nie en om druk en swaarkry op die regte manier te hanteer. Dit is belangrik om hierdie eienskappe in die daaglikse lewe te kan toepas."







# Rilee deel geheime vir sukses in krieket

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Die Suid-Afrikaanse krieketspan, bekend as die 'Proteas', het aan vanjaar se T20 Wêreldbekertoernooi in Indië deelgeneem.

Dit was egter 'n groot teleurstelling vir Suid-Afrika gewees toe die Proteas reeds in die groepwedstryde van die Wêreldbeker uitgeskakel was. Grey kan trots wees op die skool se voortgesette verteenwoordiging in die nasionale krieketspan. Rilee Rossouw is in dié Proteagroep ingesluit en het een wedstryd teen Wes-Indië gespeel.

Rilee sê: "T20-krieket is my gunsteling formaat omdat ek van die aksie en energie hou. Dit is kort, genotvol en ek kan myself uitleef." Rilee sê ook dat hy in dié T20 Wêreldbeker geleer het hoe belangrik voorbereiding is. Hy sê dat 'n mens voorbereid vir enige scenario moet wees wat op jou pad kom, sodat wanneer die geleentheid homself voordoen, jy dit met altwee hande kan aangryp om die meeste daarvan te kan maak.

Rilee het van o/14-vlak in Grey se A-spanne gespeel en al reeds in graad 10 vir die eerstespan gespeel. Uit al sy jare se ondervinding is sy hoogtepunte die drie honderdtalle wat hy agtereenvolgend gemaak het asook die 170 nie uit nie wat hy teen DHS tydens die Michaelmas-krieketweek gemaak het. Rilee sê verder: "Grey het vir my wilskrag en vasberadenheid geleer. Grey het ook vir my baie geleenthede geskep." Rilee het die SA Skole-krieketspan in 2006 en 2007 verteenwoordig. Hy was ook in 2008 deel van die o/19-Proteas wat in Maleisië aan die o/19 Wêreldbeker deelgeneem het.

Sy raad aan jong Grey-krieketspelers is: "Dit is belangrik om die bal hard te slaan en 'n speler te wees met 'n goeie tegniek, want jy wil nie jouself beperk tot slegs een aspek van kolfwerk nie. Jy kan steeds 'n speler wees wat die bal hard slaan en terselfdertyd 'n goeie tegniek hê."

Rilee is ook in die Proteagroep aangewys vir die opkomende driehoekige eendagreeks teen Wes-Indië en Australië. Die Proteas sal graag hulle naam hoog wil hou en al die Suid-Afrikaners trots maak wanneer hulle eersdaags na Wes-Indië vir hierdie reeks vertrek.



Rilee Rossouw het op skool reeds uitgebink. Foto: Verskaf

# Philip Henning kraai weer koning

*Kearsney-toernooi wys dat eerste tennisspan steeds op kruin van golf is*

**HENKO DELPORT**

Grey se tennisbane is vanjaar die tuiste van Suid-Afrika se o/16-tenniskampioen. Phillip Henning, die skool se huidige nommer een-tennisspeler, het op 29 Maart tydens die Suid-Afrikaanse Tenniskampioenskap vir juniors in Bloemfontein, sy plek as die nommer een o/16-seunstennisspeler in Suid-Afrika bevestig.

Philip het die eerste gekeurde Justin Liebenberg van St Stithians College in die finaal van die o/16-afdeling in slegs twee stelle met 6-1 en 6-3 kafgedraf. Dit was die vyfde agtereenvolgende nasionale kampioenskap waaraan hy deelgeneem het en dit is die vierde keer dat hy die toernooi in sy ouderdomsgroep wen.

Philip het ook in 2015 die Suidelike Afrika Kampioenskap gewen, terwyl hy vanjaar tweede in die Afrika Kampioenskap geëindig het. "Give it my all - always. Never give up", ís Philip se lewensleuse. Dit is volgens hom ook die rede vir Grey se sukses en die hoogtes wat Grey al bereik het. Ongeag die omstandighede, word daar by Grey nooit opgegee nie!

Philip is inderdaad een van die beste voorbeelde van iemand wat die geleenthede wat Grey hom bied met beide hande aangryp en nie terugstaan vir die beste van die bestes nie. Hy bewys ook net weer dat Grey nie net die beste "rugbyskool" in Suid-Afrika is nie, maar ook op ander gebiede koning kraai en die pas aangee.

Die eerste tennisspan moes hierdie jaar aan verskeie toernooie en interskole-kragmetings deelneem sonder die dienste van Philip, en vir 'n gedeelte van die seisoen, ook van George Botha (weens 'n besering). Dit het onder andere beteken dat hulle aan die kompeterende Kearsney-toernooi in Durban met 'n effens verswakte span moes deelneem.

Mnr Naresh Mahabeer, die hoof van tennis by die skool, sê: "Van al die toernooie in die land lok die Kearsney-toernooi gewoonlik al die top-tennisskole. 'n Goeie prestasie by hierdie toernooi is vir alle tennis-spelende skole belangrik, want daar toets jy werklik hoe goed jy is in vergelyking met die bestes in Suid-Afrika."

In die middel van Mei het die eerstespan, bestaande uit 'n span van ses spelers en een reserwe, na Durban vertrek om aan hierdie gesogte toernooi deel te neem. Die ander deelnemende skole het ingesluit Paul Roos Gimnasium, Affies van Pretoria, Pretoria Boys High, Selborne, Kearsney (die gasheerskool), Clifton en Stellenbosch Hoërskool.

Gedurende die rondomtalierondtes behaal die eerstespan uitstekende uitslae. Hulle behaal puik oorwinnings oor Kearsney met 'n telling van 8-1, hulle oorrompel Stellenbosch Hoërskool met 'n wegholsege van 9-0 en slaag daarin om Affies net-net met 5-4 te troef. Met hierdie drie oorwinnings agter die blad slaag die Grey-span daarin om deur te dring na die halfeindrondte.

Die ander spanne wat sake uitgespook het in die halfeindrondtes vir 'n plek in die eindstryd, was Paul Roos Gimnasium, Pretoria Boys High en Affies.

In die halfeindrondte is die teenstander Pretoria Boys High. Die Grey-spelers bou gou 'n voorsprong van 5-2 op, waarna die res van die wedstryde nie gespeel word nie, weens die feit dat die uitslag reeds bepaal was.

Die eerstespan buig ongelukkig die knie met 3-6 teen Paul Roos in die finaal. Daar moet egter in ag geneem word dat die uitslag anders kon lyk indien die span op volle sterkte was. Die eerste tennisspan kan steeds beskou word as een van die beste in die land.



**Philip Henning maak naam op die tennisbaan. Foto: Burger Minnaar**

**results**

Inter Schools
Affies


**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 53-29 |
| Cherries | lost | 20-25 |
| Third team | lost | 5-56 |
| Fourth team | won | 33-28 |
| Fifth team | won | 10-5 |
| Sixth team | won | 45-5 |
| Seventh team | drew | 7-7 |
| Eighth team | lost | 19-26 |
| Ninth team | lost | 7-17 |
| Tenth team | won | 24-7 |
| u/16 A | won | 15-6 |
| u/16 B | won | 21-11 |
| u/16 C | lost | 5-14 |
| u/16 D | lost | 5-29 |
| u/16 E | lost | 0-50 |
| u/16 F | lost | 0-31 |
| u/15 A | won | 31-13 |
| u/15 B | won | 7-5 |
| u/15 C | won | 45-3 |
| u/15 D | won | 6-0 |
| u/14 A | won | 17-8 |
| u/14 B | won | 19-14 |
| u/14 C | won | 24-0 |
| u/14 D | lost | 0-17 |

**HOCKEY**

| | | |
|---|---|---|
| First team | won | 4-2 |
| Second team | won | 3-0 |
| Third team | lost | 0-3 |
| u/16 A | won | 2-1 |
| u/16 B | won | 1-0 |
| u/16 C | won | 2-1 |
| u/16 D | lost | 0-1 |
| u/14 A | drew | 1-1 |
| u/14 B | lost | 0-1 |
| u/14 C | lost | 0-1 |

# Aanpasbaarheid van gholfspelers lê fondasie vir 'n blink toekoms



**Wilco Nienaber, belowende gholfspeler. Foto: Burger Minnaar**

**FERDINAND FERREIRA**

Die eerste gholfspan het die April-vakansie aan die Affies gholftoernooi deelgeneem. Hierdie toernooi het op verskeie gholfbane in Pretoria plaasgevind. Hierdie jaar was die 10de keer wat Grey aan die toernooi deelgeneem het.

Mnr Gawie Grobbelaar, wat al nege jaar in beheer van gholf by die skool is, sê: "Vir my was 'n hoogtepunt die verskeidenheid bane waar ons gespeel het. Die bane sluit in Woodhill, Silver Lakes, Centurion en Irene. Die Grey-manne se gedrag was uitmuntend en dit wil voorkom of hulle weet waaroor gholf as 'n sport gaan. Ons nommer een-speler is tans in graad 10 en dus voorspel ek 'n blink toekoms en goeie dinge vir gholf by Grey vorentoe."

Die span bestaan uit WA Bosch, Neil Delport, Ray Wessels, Louhan Jordaan, Jandré Erasmus en Christean Neethling. Hulle het 'n algehele sewende plek verwerf uit 14 deelnemende spanne. Wilco Nienaber, nommer een-speler van die eerstespan, het alreeds aan vier o/19-toernooie dié jaar deelgeneem waar hy by geleentheid as wenner gekroon is. In Oktober neem Wilco deel aan die *Sanlam Glacier*-toernooi wat by San Lameer plaasvind. Die wenner van dié toernooi sal dan aan die *Orange Bowl* in Amerika gaan deelneem.

Wilco sê: My hoogste gholfprestasie was toe ek sesde gekom het in die o/19 *Curro International Championship*. My doelwitte vir die jaar is om eerste o/19 in Suid Afrika te wees, asook om Suid Afrika te verteenwoordig in die wêreld junior kampioenskappe. Dit was vir my 'n groot eer om vir Gary Player in lewende lywe te sien toe hy later die kwartaal in die saal kom praat het. Hy het my laat besef dat ek hard moet werk in die lewe om 'n doel te bereik. Ek het ook besef dat wat ook al jy doen, moet jy aanhou doen en probeer doen totdat jy dit regkry."

Wilco lê tans op die o/19 ranglys 16de in Suid-Afrika en in die Vrystaat lê hy eerste.

## Opgradering van fasiliteite gee hupstoot vir sokker

**EBERT WOHLITZ**

Waterstone Kollege het hulle jaarlikse sokkertoernooi aangebied vanaf 8-10 April.

Van die land se beste skolesokkerspanne het aan die toernooi deelgeneem, insluitend Norkem Park en die gasheer, Waterstone Kollege. Grey het goed gevaar, maar in die kwarteindstryd uitgeval.

Die span verslaan St Stithians met 3-2 en St Peter's met 3-2. Hulle verloor teen Sacred Heart 0-2, speel gelykop teen Norkem Park, maar verloor met strafskoppe 7-8.

Mnr Ludwig Koekemoer, hoof van Grey-sokker, sê die toernooi is vir Grey soos 'n voorseisoen voorbereiding waar die afrigter kombinasies kan toets, asook areas identifiseer waaraan daar gewerk moet word. Kommentaar oor die Grey-span was baie positief. Dié span is uiters gedissiplineerd en beide opposisie en hulle afrigters het die Greymanne duidelik gerespekteer.

Daar is 'n groot projek aan die gang wat betref die verbetering van die skool se sokkerfasiliteite. Die beraamde koste vir die projek beloop 'n stewige tien tot twaalf miljoen rand. Hierdie fasiliteit sal spelers se bewuswording, kennis van die spel en herhaling van dissiplines verbeter.

Die doel is dat die bal meer deur individuele spelers gespeel kan word, wat die spel vinniger maak, asook meer koste-effektief. Daar word ook nuwe klubfasiliteite met verbeterde geriewe beplan. Mnr Koekemoer sê: "Dit is 'n ongelooflike eerste vir Grey en sal beslis sokker by die skool bevorder. Dit sal ook meer gemeenskapsbetrokkenheid en goeie gesindheid teenoor die skool verseker."



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN
24-UUR
NOODSENTRUM
0800 051 051
ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.
KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

50 JAAR | 1967-2016 | 50 YEARS

SPORT

**gholf**



Wilco handhaaf eerste posisie op die Vrystaat se junior ranglys

**krieket**

Rilee Rossouw geniet die T20- en eendag-weergawe meer

**hokkie**




Positiewe begin lê grondslag vir 'n sukses-seisoen

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Junie / June 2016

# Rekordboeke word herskryf

## *Uitslae van interskool-kragmetings bevestig gehalte*



**Rikus Pretorius hardloop met die bal teen Selborne, 'n wedstryd wat die eerstespan met 48-17 gewen het.** **Foto: Burger Minnaar**

**JOHAN VAN ECK**

Na 'n besige kwartaal met vier interskole, asook verskeie ander bedrywighede, is dit moontlik moeilik om hoogtepunte uit te sonder. Tog staan die skitterende vertoning van die eerste rugbyspan teen Affies in Pretoria uit.

Na 'n stadige begin het die wedstryd behoorlik vlam gevat en vir een van die mees aanskoulike skolerugby-kragmetings in baie jare gesorg. Die eindtelling van 53-29 verteenwoordig die eerste keer dat enige skool 50 punte teen Affies kon aanteken. Die gehalte en entoesiasme van die eerstespan se spel het 'n groot gedeelte van die tuisskare verwonderd en woordeloos gelaat.

Die eerste krieketspan het die Knights-franchise gedurende die Maart-vakansie verteenwoordig by die Coca-Cola T20 Skole Krieket-toernooi. By dié toernooi het Grey uitstekend begin met drie agtereenvolgende seges teen Kearsney College, Paarl Gimnasium en St Stithians.

Die span het egter die laaste twee wedstryde verloor teen Grey High van Port Elizabeth en Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria.

Die span het steeds uitstekend gevaar met 'n algehele vierde plek in die nasionale kompetisie. Een van die afrigters, mnr André Bester, sê: "Ek dink die manne is teleurgesteld omdat hulle nie in die finale wedstryd van die toernooi kon speel nie, maar dit bly 'n groot prestasie om as een van die ses top-krieketskole in die land deur te dring na die finale rondte van die toernooi."

## sports calendar

**2016**
**THIRD TERM FIXTURES**

**30 July**
Interschool
Grey Port Elizabeth (away)

**6-9 August**
Tennis
Affies u/15 Tournament

**12-13 August**
Soccer
St David's Tournament

**13 August**
Interschool
Glenwood (away)

**19-20 August**
Interschool
Paul Roos (home)

**29 September**
Water Polo
Hilton u/14 Tournament

Water Polo
Sterrenberg u/15 Tournament

**1 October**
Cricket
Michaelmas Tournament
Grey High u/15 Tournament
Hilton u/14 Tournament

**15 October**
Athletics
Clover Meet

**22 October**
Cricket
Afrikaans Hoër Pretoria

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby

UP TO R10 MILLION
LIFE COVER IN ONE SIMPLE CALL
LET 1LIFE HELP PROTECT YOUR CHILD'S FUTURE DREAMS
ONE PHONE CALL · NO PAPERWORK
NO MEDICALS REQUIRED
SMS 'LIFE' to 43867** and we'll call you back, or visit www.1Life.co.za for an online quote and more information.
**Standard SMS rates apply.
1Life
Changing Lives
BRAVE/1LIFE/1691/E/S

vivid designs 082 576 3143